Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

DESEMBER 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Feesgroete van die Burgemeester

My hartlike feesgroete aan ons Overstrand-gemeenskap en al ons besoekers van heinde en ver.

Dankie dat u die Overstrand as u voorkeurbestemming vir die feestyd gekies het. Ons is werklik trots en verheug om u in ons area te verwelkom, en vertrou dat dit 'n onvergeetlike vakansie sal wees.

2017 het verbygevlieg en terwyl ons oor die hoogte- en laagtepunte nadink, laat ons nie hoop opgee nie. Dit is so maklik om in ons daaglikse stryd verstrengel te raak, terug te kyk en weer die uitdagings te herleef, terwyl daar klein wonderwerkies is wat ons aan hoop kan laat vashou en elke dag met ons kan saamneem.

Kom ons gaan hierdie Kersseisoen in met vrede in ons harte, welwillend teenoor ons naaste en liefde vir ons land.

Mag die boodskap van hoop wat in die viering van die geboorte van ons Verlosser uitgebeeld word, in ons benadering tot die Nuwejaar weerspieël word. Mag ons die onbekende met geloof tegemoetgaan, op die leiding van Bo vertrou en met 'n vaste oortuiging dat die toekoms voorspoed en sukses vir ons inhou, aanstap.

Soos wat ons tyd met ons geliefdes, familie en vriende deurbring, laat ons die lewe koester en met verantwoordelikheid feesvier. *Mag dié wat verkies om hierdie feestyd te reis, 'n veilige volgafstand handhaaf, versigtig bestuur en veilig by hul bestemming aankom. Namens die Raadslede en personeel van die Munisipaliteit Overstrand, wens ek u en u gesinne 'n veilige, vreugdevolle en geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2018 toe.*

Uitvoerende Burgemeester:
Rdh Rudolph Smith

GEEN VUURWERKE TOEGELAAT IN OVERSTRAND

Overstrand Munisipaliteit wil graag inwoners en besoekers inlig dat die skiet van vuurwerke vanuit enige gebied (insluitend jou eie erf) op geen tydstip in die Overstrand toegelaat word nie en veral nie op Nuwejaarsdag nie!

In die verlede was aangewese gebiede op strande goedgekeur waar vuurwerke tussen 23:00 en 01:00 op Oujaarsaand toegelaat was. NIETEMIN, as gevolg van die hoë brandrisiko en die instelling van waterbeperkings binne die jurisdiksie, is daar eenvoudig te veel op die spel.

Ons wil ook graag 'n beroep op inwoners en besoekers doen om nie sogenaamde 'Chinese lanterns' te gebruik nie, aangesien dit 'n aansienlike brandrisiko inhou. Die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) vra ook dat mense nie luglanterns gebruik nie, aangesien hulle na die see uitbeweeg en dikwels as noodgevalle aangemeld word, wat op sy beurt weer vir Seereddingurelange vrugtelose soektogte veroorsaak.

Die afvuur van enige klappers of noodfakkels vir feesvierdoeleindes is ook verbode ingevolge die toepaslike verordeninge van die Munisipaliteit.

Kom ons werk saam om hierdie feestydvieringe vir almal veilig en gelukkig te maak.

- **Enige spesiale versoeke vir vuurwerkvertonings onder streng beheer en toesig en/of ander navrae, moet gedurende kantoorure aan die Brandweerhoof (028 313 5014) gerig word ten minste 14 dae voor die tyd.**

Vir die duur van die brandseisoen, sal die Bulletin sy lesers daaraan herinner om waaksaam te wees naby vure en 'n ook paar handige wenke gee oor die beste manier om tydens 'n brand lewensverlies en ernstige skade aan u eiendom te voorkom. Om mee te begin, kwoteer ons hierdie raad van die Wes-Kaapse Regering:

VOORSORG IS BETER AS NASORG

Grondeienaars, en veral gasvryheids- en toerismebesighede wat in 'n gebied bedryf word waar veldbrande algemeen voorkom, moet veral aandag skenk aan die beskerming en veiligheid van hulle gaste en werknemers.

Enige brandstrategie moet die volgende komponente insluit:

- **Bewustheid**
  Daar is beraam dat tot soveel as 90% onnodige brande deur mense veroorsaak word. Dit is belangrik om te weet waar en wanneer hierdie gevare voorkom en waar die gevaar-areas is.
- **Voorkoming**
  Opleiding en nuwe bestuurstelsels mag nodig wees om brande te voorkom.
- **Paraatheid**
  Die beste manier om voorbereid te wees is om aan die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande te voldoen, om voldoende brandstroke te stig en in stand te hou, en om 'n plaaslike Brandvoorkomingsvereniging in u gebied te stig of daarby aan te sluit.

Indien u enige hulp met die opstel van 'n brandstrategie nodig het, skakel gerus Overstrand se Brandweerhoof, Lester Smith, by 028 313 5041 of besoek www.overstrand.gov.za

BEAMPTES IN UNIFORM BY DANKSEGGINGSDIENS VEREER

Op Sondag, 29 Oktober 2017, het 'n groot skare by die Thusongsentrum in Hawston byeengekom om Overstrand se beamptes in uniform te vereer. Teenwoordig was die Wes-Kaapse LUR van Omgewingsontwikkeling en Beplanning Anton Bredell, Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rdh Rudolph Smith, verskeie raadslede en regerings- en munisipale amptenare asook verteenwoordigers van die SAPD, SA Vloot, en lede van die publiek.

'n Optog bestaande uit die Hawston- en Atlantis-kadette, Overstrand se Beskermingsdienste en SA Vloot- en SAPD-groepe was toegejuig deur plaaslike inwoners wat aan die optog deur Hawston se strate deelgeneem het. By die Thusongsentrum, het LUR Bredell, Burgemeester Smith en Munisipale Bestuurder Groenewald die prosessie begroet, gevolg deur 'n seremoniële "Inspeksie van die Troepe".

Die geleentheid was amptelik geopen met 'n gebed deur ds Charlie Matinka en 'n hartlike verwelkoming deur Overstrand Wyk 3 raadslid, Kari Brice.

Die Hawston Kadetgroep staan op aandag terwyl LUR Anton Bredell, Burgemeester Rudolph Smith en Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald 'n "Inspeksie van die Troepe" doen, onder die leiding van Overstrand Direkteur van Beskermingsdienste, Neville Michaels (maroen-pak). Hier by die kadette is hulle bestuurders en dril-inspekteurs, SA Vloot A/O Noel Dreyer (wit uniform, voor), saam met afgetrede SA Weermag Skutter Irvin Sauls.

Beamptes in uniform salueer uit respek terwyl die Lanslied gesing word. Op die foto is, onder andere, LUR Anton Bredell, Burgemeester Rudolph Smith en raadslede Arnie Africa, David Botha, Elnora Gillion, Christine May en Fanie Krige wie die dankseggingsdiens bygewoon het.

'n Heersende boodskap van dankbaarheid aan dié wat onder die vaandel van verskeie beskermingsagentskappe dien om die redelike veiligheid en sekuriteit wat in die omgewing ervaar word te bied, was duidelik in die baie boodskappe van welwillendheid deur die menigte sprekers. Burgemeester Smith het hierdie pogings versterk deur te sê "Kom ons help ons wetstoepassingspersoneel wat dikwels hulle eie lewens in gevaar stel, deur hulle die respek en nodige ondersteuning te gee; en nie die beskerming wat hulle in die uitvoering van hulle pligte bied, as vanselfsprekend aanvaar nie."

Nog getuienis hiervan was in LUR Bredell se woorde toe hy gesê het, "My opregte dankbaarheid aan die mans en vrouens in uniform wat ons gemeenskappe so bekwaam dien. Ons plig en verantwoordelikheid as 'n regering is om seker te maak dat hulle die nodige ondersteuning en opleiding ontvang om hullle doeltreffendheid te verhoog.

"Maar, laat ons nie vergeet om hulle gesinne te bedank wat groot opofferings moet maak, sodat ons goed kan slaap. Hierdie beamptes wend buitengewone pogings aan om ons veilig te hou, so kom ons doen wat ons kan om hulle te ondersteun," het die LUR aangemoedig.

Met verrigtinge wat tot 'n einde kom, het almal teenwoordig die lied "In the Shadow of Your wings, I know I am safe" gesing, wat dalk die mees gepaste wyse was om, wat die beste beskryf kan word as 'n heerlike en aandoenlike geleentheid, af te sluit.

Overstrand hou Sandbaai se oorgroeide plantegroei onder beheer met beheerde blokbrand

Op Donderdag, 5 Oktober 2017 het Overstrand se Brand- en Rampbestuur, in samewerking met Overstrand Omgewingsdienste, 'n blokbrand uitgevoer om ou en oorgroeide plantegroei in die Sandbaai-area te verminder. Die doel was om veldbrande beter te beheer en om die ekologiese biodiversiteit van die betrokke omgewing te verbeter.

Die aangewese voorgeskrewe blokbrand het van die seisoen- en weertoestande wat bevorderlik is vir brand, brandstroke of -blokke afgehang. Brandveiligheid is van uiterste belang in voorvalle soos hierdie en, waar nodig, was die program aangepas om veilige brandtoestande te handhaaf. Dit beteken dat die voorgeskrewe brand deur 'n komitee, bestaande uit Overstrand se Brand- en Ramp- en Overstrand se Omgewingsdienste evalueer was..

Alle hulpbronne was onder 'n Voorvalbevelvoerder se beheer.

Fynbos aan die kus is meer vetplantagtig, wat beteken dat geen groot vlamme verwag word nie. Die Working on Fire (WOF)-spanne wat betrokke was, was in twee gedeel; met die een afdeling wat die brand aan die oostekant in die wind, in 'n westelike rigting aan die bokant begin het, en die ander eenheid wat die proses aan die laer kant voortgesit het.

In gevalle soos hierdie, word alle omliggende paaie gedurende die tydperk van die brand en vir 48 ure daarna, as 'n beheerde en verbode area hanteer, waar toegang slegs tot inwoners van die geaffekteerde area beperk word.

Wenke vir Strandveiligheid

Die onlangse **WAARSKUWING** van groot skole bloublasies wat op sommige van ons strande uitgespoel het, beskryf hulle as diere wat skerp pynlike steke kan veroorsaak. Mense wat kaalvoet loop en swemmers moet versigtig wees. Weet u wat is die beste manier om 'n bloublasiesteek te behandel? Of, wat om te doen as u in 'n trekstroom beland? Onthou hierdie wenke om uself en u gesin hierdie somer op die strand veilig te hou.

1. Swem altyd tussen die rooi en geel vlae
Kies altyd plekke waar lewensredders patrolleer om te swem of branderplank te ry. Die rooi en geel vlae dui aan waar 'n lewensreddingsdiens aan diens is, asook die veiligste swemgebied op die strand.

2. Lees veiligheidstekens
Lees die veiligheidstekens voordat u in die see ingaan. Op hierdie manier, sal u van enige waarskuwings of gevare op die strand bewus wees, soos gevaarlike strome of bloublasies.

3. Swem saam met iemand
Om te voorkom dat u in die moeilikheid beland in die water, swem altyd saam met 'n vriend of familielid sodat u mekaar kan dophou. Indien u 'n lewensredder se hulp benodig, lig u arm op en waai van kant tot kant. Gebruik minder energie deur op u rug te dryf en kalm te bly.

4. Bloublasie
Indien u gesteek word, spoel die tentakels af met water, of haal dit af met die vingers. Plaas die aangetaste area in warm water vir 20 minute. As u nie toegang tot warm water het nie, is 'n koue yspak ook effektief. Moenie sand daaroor vryf, of koeldrank daarop gooi of oor die steekplek urineer nie - dit werk nie.

6. Trekstrome
Om 'n trekstroom uit te ken, soek vir dieper donkerder water, minder breekgolwe en soms sandkleurige water. As u in 'n trekstroom vasgevang word, bly kalm, dryf en lig 'n arm op vir aandag. Terwyl u dryf, kan trekstrome in 'n sirkel vloei en u na die strand terugbring. Of u kan 'n trekstroom ontsnap deur parallel met die strand na brekende golwe te swem. Moenie spartel nie, want dit sal u uitput.

7. Sonbrand
Smeer sonblok aan ten minste 15 minute voordat u in die son uitgaan en wend dit daarna gereeld aan, veral nadat u geswem het. Dra 'n hemp en hoed vir ekstra beskerming. Indien u sonbrand, drink baie vloeistowwe om dehidrasie te voorkom. Indien u erg sonbrand opgedoen het, met blase en naarheid, bekom mediese hulp.

8. Hitte-uitputting
Hitte-uitputting is redelik algemeen by strandgangers, veral die jonges en bejaardes. Fisiese aktiwiteit en 'n gebrek aan vloeistof kan swakheid, naarheid, braking en lighoofdigheid veroorsaak. Vermy hitte-uitputting by die strand deur gehidreer te bly en tyd in die skaduwee deur te bring.

9. Geen alkohol
Moet nooit in die see gaan swem direk nadat u 'n maaltyd gehad het of wanneer u onder die invloed van alkohol of dwelms is nie. Alkohol en water werk nie goed saam nie. Gedurende die somer sal daar baie sekuriteit en polisie aan diens wees om elkeen se veiligheid te verseker en hulle sal regstaan om enige persoon wat in alkohol-vrye sones drink, te beboet.

Die lewensvatbaarheid van 'n Spesiale Aanslaggebied (**SAG**) vir Onrus en Vermont word tans deur 'n Beheerkomitee ondersoek, wat bestaan uit lede van die buurtwag, die belastingbetalersvereniging, die estuarium-forum en ander entiteite.

Wat is 'n SAG?

Die spesiale aanslaggebied model is op internasionale beste praktyke gegrond. Dit is daarop gemik om die agteruitgang van dorpe en die gevolglike stedelike verval te voorkom, en hulle opheffing, ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling te bevorder. Spesiale aanslaggebied is 'n potensiële instrument wat die munisipaliteit kan help om sy grondwetlike en wetlike verpligtinge na te kom, en om eienaars van eiendomme binne 'n geografiese gebied in staat te stel om hulle area te verbeter en op te gradeer.

'n SAG funksioneer met die hulp van die plaaslike munisipaliteit, wat 'n ekstra berekende tarief by belastingbetalers binne die spesifieke area se eiendomsbelasting voeg, dit aan 'n maatskappy sonder winsoogmerk oorbetaal wat in beheer van die onderhoud van die SAG is.

Die basiese idee is dat 'n groep eienaars van eiendomme ontmoet om die gebrek aan sekuriteit en dienste te bespreek, en te besluit oor 'n manier om hierdie probleme aan te spreek. Hulle kan dan by die munisipaliteit aansoek doen om spesiale eiendomsbelasting aan te gaan, wat deur die eienaars binne daardie area betaalbaar is, om die behoeftes van die area te befonds.

SAG's help om die verhouding tussen plaaslike regering en die gemeenskap te versterk, en die welstand van die spesieke area te bevorder.

Party van die kwessies rondom die voorgestelde SAG was onlangs by 'n vergadering van wyk 13 in Onrus aangespreek. Tot dusver is die proses, soos in die verordening en beleid aangaande die vestiging van 'n SAG uiteengesit, streng gevolg.

Die proses is as volg (stap 4 word tans gefinaliseer):

Aanvang:

1. 'n Beheerkomitee word in die gemeenskap gestig.
2. Die beheerkomitee vergader met die Munisipale Hoof Finansiële Beampte (HFB) & Regsdepartement om die omvang van die SAG te bespreek.
3. Die komitee trek konsepdokumente op wat 'n Memorandum van Voorneme, Sakeplan, ens. insluit, om die haalbaarheid aan die munisipaliteit voor te lê.
4. Die beheerkomitee doen ook 'n meningsopname in die gemeenskap om te bepaal hoe mense oor die huidige stand van sake voel.
5. Na die voltooiing en ontleding van die opname vergader die munisipaliteit weer, en evalueer die voorstel ten einde die tarief vas te stel wat bekostigbaar/haalbaar is.

Amptelike begin:

6. 'n Openbare vergadering word beplan om die gemeenskap ten volle in te lig oor die proses en dokumentasie.
7. Die beheerkomitee doen nou amptelik aansoek by die munisipaliteit en dien die voorstel en alle tersaaklike dokumentasie in.
8. Verdere openbare vergaderings, ens. word gehou om te verseker dat almal ingelig is en die geleentheid gehad het om insette te lewer en besware te opper.
9. 'n Openbare stemming word gehou waar 60% + 1 van die eienaars van eiendomme in die voorgestelde area ten gunste van die SAG moet stem om goedgekeur te word.
10. Daarna oorweeg die Munisipale Raad die voorgestelde SAG.

Implementering:

11. 'n Maatskappy sonder winsoogmerk word gestig in die gemeenskap met 'n bestuur wat verkies word.
12. Die eiendomsbelasting wat gehef word, word vir vyf jaar toegepas en word aan die genoemde maatskappy oorbetaal om die ooreengekome dienste te lewer.
13. Die maatskappy kan persone aanstel om die dienste te lewer, of daarvoor laat tender en dit aan 'n professionele maatskappy/maatskappye toeken om hierdie dienste te lewer.
14. Die OSW moet ten volle rekenpligtig teenoor die gemeenskap en munisipaliteit wees.
15. Indien nodig geag, kan die projek verleng word, nadat 'n behoorlik gemotiveerde versoek aan die munisipaliteit gestuur en goedgekeur is.

Vir enige navrae aangaande die voorgestelde SAG, kontak die beheerkomitee by onrus.vermont.sra@gmail.com

Noodnommers:

24-uur Noodbeheerkamer	028 313 8111
Overstrand Brand & Redding	028 312 2400
Overstrand Wetstoepassing	028 313 8980
Ambulans	10177
NSRI	028 312 3180
See- en Kusbestuur	028 313 2703
Hermanus Provinsiale Hospitaal	028 313 5200
Hermanus Privaathospitaal	028 313 0168
Hermanus Kinderwelsyn	028 313 0831
Hermanus Dierewelsyn	028 312 1281
Hermanus Polisie	028 313 5300
Gansbaai Polisie	028 384 0201
Stanford Polisie	028 341 0601
Kleinmond Polisie	028 271 8200

Overstrand se pas verkose *2017/18 Junior Stadsraad word* ingehuldig

Die onlangs verkose junior raad vier hier hulle internskap as Overstrand 2017/18 Junior Stadsraad (JSR), saam met Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith (voorste ry, 2de links), Speaker Anton Coetsee (voorste ry, 1ste links), en Uitvoerende Onderburgemeester Dudley Coetzee (voorste ry, 3de regs). Ook in die voorste ry, is die nuwe Junior Burgemeester Tumelo Mohaka van Qhayiya Sekondêre Skool (maroen serp - middel), asook sy Onderburgemeesters Odi Chadinha van Hermanus Hoër en Lorenzo Geldenhuys van Gansbaai Academia. JSR-bestuurder, Unity Mtomile (tweede ry, 1ste links) van die Enlighten Education Trust was ook daar om die oomblik saam te vier.

Op Donderdag 19 Oktober 2017 het die Overstrand sy pas verkose 2017/18 Junior Stadsraad (JSR) by 'n spesiale inhuldigingsplegtigheid bekendgestel, wat by die Munisipale Ouditorium in Hermanus plaasgevind het.

Tans in sy 14de siklus, het 'n komplement van 35 junior raadslede wat hoofsaaklik uit graad 10-12-leerders uit die ses hoërskole in die gebied bestaan, hul ampstermyn opgeneem onder die leierskap van die nuwe Junior Burgemeester, Tumelo Mohaka van Qhayiya Sekondêre Skool. Die twee Onderburgemeesters wat saam met hom sal dien, is Odi Chadinha van Hermanus Hoër en Lorenzo Geldenhuys van Gansbaai Academia.

Onder die bestuur van Enlighten Education Trust en in samewerking met die Munisipaliteit Overstrand, bied hierdie inisiatief aan junior raadslede die geleentheid om hul leierskapspotensiaal te ontsluit, terwyl hulle aan elemente blootgestel word soos openbare sake, die werking van plaaslike regering en deelname aan die lewering van verskeie ontwikkelingsprojekte, gemik op die algemene opheffing van die gemeenskap en omgewing.

In sy intreetoespraak het nuwe Junior Burgemeester, Tumelo Mohaka, 'n impakvolle verklaring gemaak deur te sê: "Ek sien daarna uit om saam met my mede-junior raadslede te werk om met vrugbare idees en maniere vorendag te kom om die gemeenskap te verbeter. As jong Suid-Afrikaners kan ons 'n ware en belangrike rol speel in die ontwikkeling van ons land en het hier 'n ideale geleentheid om doeltreffende veranderingsagente te wees. Kom ons laat die 365 dae wat ons dien tel, op maniere wat saak maak."

In sy toespraak aan die pas aangestelde JSR, het Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith gesê, dat die woorde van Mohaka sterk weerklink, aangesien dit teen so 'n agtergrond is wat die Munisipaliteit groot klem lê op jeugontwikkelingsvraagstukke. "Wanneer ek in die teenwoordigheid van jong mense soos julle is, word ek aangemoedig deur die lewenskrag, energie en potensiaal wat bestaan. Hier onder julle mag dalk 'n toekomstige burgemeester, groot nyweraar, prinsipaal of 'n leier in enige veld wees wat julle mag kies. Ek sê dit met vertroue, want ek glo dat die potensiaal vir grootsheid in julle elkeen is", het die Uitvoerende Burgemeester Smith aangemoedig.

Deel van die aand se vermaak was 'n pragtige weergawe van die Ed Sheeran-liedjie 'Photograph' deur Hermanus Hoër se Matthew Smith en Jordan Linehan. Kort daarna het 'n roerende gedig gevolg wat baie met stof tot nadenke gelaat het, getiteld "What If", deur die skrywer daarvan, Qhayiya Sekondêr se Natasha Makholwana gelewer. Laaste, maar nie die minste nie, was die hartroerende uitvoering van 'You Raise Me Up' deur Nonqaba Futshane, ook van Qhayiya Sekondêr, wat die gehoor in ekstase gehad het.

Die geleentheid het afgesluit op die glansryke noot deur Nonqaba wat die gehoor in die landslied gelei het voordat Unity Mtomile, JSR-bestuurder haar dank uitgespreek het aan die Munisipaliteit, die Enlighten Education Trust, die gemeenskap en alle belanghebbendes, vir hul voortgesette ondersteuning van die mentorskapprogram.

SLUITING VAN KANTORE GEDURENDE VAKANSIEDAE

Munisipale kantore in die Overstrand-gebied, insluitend biblioteke, maar ander noodsaaklike dienste uitgesluit, sal vanaf 13:00 op Vrydag, 22 Desember 2017 en Vrydag, 29 Desember 2017 gesluit wees, en onderskeidelik om 07:45 op Woensdag, 27 Desember 2017 en Woensdag, 3 Januarie 2018 heropen.

Noodsaaklike dienste sal egter gedurende hierdie tydperk soos gewoonlik voortgaan. Onthou, munisipale rekeninge kan deur die Easy Pay@-stelsel by verskeie kettingwinkels en by die Poskantoor betaal word. In 'n noodgeval, kontak ons 24-uur Beheerkamer by 028 313 8111.

VLAK 1 WATERBEPERKINGS

Waterbeperkings sal vanaf 1 November 2017 slegs in die Groter Hermanus-gebied ingestel word. Waterbronne in die ander areas van die munisipaliteit is steeds op bevredigende vlakke, maar sal streng gemonitor word.

Reënval in Hermanus in 2017 tot aan die einde van September was slegs 398 mm, in vergelyking met die langtermyn- gemiddelde reënval van 620 mm per jaar.

Die vlak van die De Bosdam is tans 66,7% van die kapasiteit, teenoor 98% op dieselfde tyd verlede jaar. Die De Bosdam bly 'n baie belangrike bron van water vir die Hermanus-area, ten spyte van 'n beduidende bydrae vanuit munisipale boorgate. Daar is dus besluit om vanaf 1 November 2017 vlak 1 waterbeperkings in te stel, ten einde die aanvraag na water gedurende die warm droë somermaande te verminder en om voorsiening te maak, indien nog 'n droë winter in 2018 ervaar sal word.

Ingevolge Overstrand se Tariefbeleid, sal watertariewe slegs tot die vlak 1-beperkingstariewe verhoog word sodra die vlak van die De Bosdam tot onder 40% daal. Deur water spaarsamig te gebruik en deur die waterbeperkings na te kom, kan verbruikers tot die vertraging bydra en hopelik die behoefte aan tariefverhogings vermy.

Beperkings word as volg toegepas en is op alle verbruikers van toepassing:

- Geen natmaak van tuine, blombeddings, sportvelde, parke, grasperke en ander oop ruimtes is toelaatbaar met munisipale drinkwater nie, behalwe vir:
  - Een uur per dag, voor 09:00 of na 17:00, twee dae per week.
  - Adresse met gelyke nommers SLEGS op Woensdae en Sondae.
  - Adresse met ongelyke nommers SLEGS op Dinsdae en Saterdae.
- Was van voertuie en vaartuie met tuinslange word slegs toegelaat indien dit met outomatiese selfsluitende toestelle toegerus is.
- Was of afspuit van areas met 'n harde oppervlak of plaveisel met munisipale drinkwater word nie toegelaat nie.

Outomatiese vrystellings

- Natmaak van plante in kwekerye, ens. vir handelsdoeleindes, is vrygestel van waterbeperkings.
- Indien alternatiewe waterbronne gebruik word, moet verbruikers toesien dat hulle vir hierdie doel die toepaslike uithangbord ten toon stel, wat duidelik sigaar is vanaf 'n openbare deurgang.

Watertariewe

Ooreenkomstig Overstrand Munisipaliteit se Tariefbeleid, sal watertariewe slegs tot die 1ste vlak van waterbeperkingstariewe verhoog word, wanneer die watervlak in die De Bosdam tot onder 40% daal.

Aansoeke vir Vrystelling

Klante wat graag vir 'n vrystelling of 'n verslapping van die beperkings wil aansoek doen, kan by die Adjunkdirekteur: Ingenieursbeplanning aansoek doen, deur 'n motivering per e-pos te stuur aan:

depdircomsec@overstrand.gov.za, of per pos na:
Adjunkdirekteur: Ingenieursbeplanning
Overstrand Munisipaliteit
Posbus 20
Hermanus
7200

Navrae kan aan me A Bayley by tel. 028 313 8972 of e-pos depdircomsec@overstrand.gov.za gerig word.

MELD ONWETTIGE STORTING VAN BOUROMMEL AAN

Dit wil voorkom asof mense, in toenemende mate, onwettig hul bourommel op gemeenskaplike grond en oop erwe stort; dit, ten spyte van die feit dat Overstrand Munisipaliteit oorlaaistasies, aflaaifasiliteite en 'n stortingsterrein beskikbaar het, waar bourommel gestort kan word. Elke area het fasiliteite binne maklike bereik, maar sommige verkies skynbaar om hul bourommel op enige oop erwe of gemeenskaplike grond wat hulle kan kry, te stort. Dit is ook onwettig om bourommel na woongebiede te neem, indien u versoek word om dit te doen.

Die Overstrand beskou hierdie onwettige gedrag in 'n baie ernstige lig en sal die nodige stappe teen oortreders neem.

Indien bourommel gesorteer word, sal die storting daarvan u niks kos nie. Bourommel word gebruik vir die bedekking van afval by die stortingsterrein. As dit egter nie gesorteer word nie, sal u per ton betaal vir wat weggedoen word.

Lede van die publiek word vriendelik versoek om insidente van onwettige storting van bourommel onmiddellik aan Overstrand se 24-uur beheerkamer te rapporteer (**Tel: 028 313 8111**).

Die probleem met onwetting storting van bourommel

Onwettige storting vernietig ons pragtige omgewing, die plant- en dierelewe, en kan die grond en ons beperkte watervoorrade besoedel. Verder verminder dit eiendom se waarde en dryf toeriste weg, terwyl dit terselfdertyd die gemeenskap se trots verlaag.

Soms word skadelike materiaal, bv. chemikalieë, asbes, skerp voorwerpe, ens. gestort, wat beserings en skade aan mense in die gemeenskap kan veroorsaak.

Daarbenewens, moet die munisipaliteit baie geld bestee aan die verwydering van onwettige afval, wat aan ander meer belangrike prioriteite bestee kon word.

Die volgende fasiliteite bestaan by die vier administrasies:

Kleinmond Administrasie:

- Pringlebaai naweek-aflaaipunt vir huishoudelike afval;
- Betty'sbaai naweek-aflaaipunt vir huishoudelike afval;
- Betty'sbaai aflaaipunt vir algemene en tuinafval; en
- Kleinmond Oorlaaistasie vir huishoudelike, algemene en tuinafval en klein hoeveelhede bourommel (bakkiebouers) van 0 - 1 ton.
- Karwyderskraal Vullingsterrein vir al u bourommel van meer as 1 ton.

Hermanus Administrasie:

- Hawston aflaaipunt vir tuin en algemene afval;
- Hermanus Oorlaaistasie vir huishoudelike, algemene en tuinafval en klein hoeveelhede bourommel (bakkiebouers) van 0 - 1 ton.
- Voëlklip naweek-aflaaipunt vir huishoudelike afval; en
- Voëlklip aflaaipunt vir tuinafval.
- Karwyderskraal Vullingsterrein vir bourommel van meer as een ton.

Stanford Administrasie:

- Stanford Oorlaaistasie vir algemene en tuinafval en klein hoeveelhede bourommel. Meer as een ton moet na Gansbaai Vullingsterrein geneem word.

Gansbaai Administrasie:

- Gansbaai stortingsterrein vir bourommel, algemene en tuinafval; en
- Pearly Beach aflaaipunt vir algemene en tuinafval en klein hoeveelhede bourommel (bakkiebouers).

Overstrand Munisipaliteit sal nie enige onwettige gedrag duld nie. Oortreders sal stewige boetes ontvang.

Hier by die bekendstelling van die Sakke-vol-Liefde-veldtog wat onlangs by Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rdh Rudolph Smith se kantoor plaasgevind het, is (L-R) Spar Eastcliff se Bestuurder Christopher van Niekerk en eienaar Bern van Niekerk, Overstrand Rdl Elnora Gillion en St. Vincent de Paul se Terry McCarthy en Des Collins.

SAKKE-VOL-LIEFDE-VELDTOG BRING VROEË KERSVREUGDE AAN BEHOEFTIGES

Op Dinsdag, 31 Oktober het die 2017 Sakke-vol-Liefde-veldtog goed weggespring met belanghebbendes wat in Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rdh Rudolph Smith se kantoor bymekaar gekom het, wie hierdie saak as Beskermheer ondersteun.

Nou in sy tiende jaar, is hierdie poging daarop gemik om sakke vol noodsaaklike kruideniersware aan die mees behoeftige gesinne in die omgewing te versprei. Onder die bestuur van die Hermanus-konferensie van Saint Vincent de Paul, het die program wydverspreide ondersteuning van die Rotariër-klub, verskeie kerkgroepe, Eastcliff Spar en 'n magdom individuele skenkers getrek. Belangstelling het oor die jare voortdurend gegroei tot die punt waar meer as 1 000 sakke gedurende die 2016-veldtog gevul en versprei is. Hierdie jaar, beoog die organiseerders om selfs meer sakke te kry wat versprei word en het 'n beroep op die publiek, besighede, kerke en betrokke partye gedoen om skenkings vir hierdie belangrike saak te maak. By die bekendstelling van die veldtog het Rdl Gillion gesê: "Ek sal 2 sakke skenk, en ek daag my mede-raadslede en Overstrand-amptenare uit om daarop te verbeter. Ek vra ook dat almal wat kan, op enige moontlike manier sal bydra. Op hierdie manier kan ons die behoeftes van nog meer gesinne met groot nood verlig en hopelik sal hierdie Kersfees nie so droewig vir hulle wees nie."

Die sakke word teen 'n koste van R165-00 gevul en skenkers kan, terwyl hulle by Eastcliff Spar Hermanus inkopies doen, eenvoudig die kassiere vra om hierdie koste by hul aankope te voeg. Alternatiewelik, kan 'n geldelike skenking direk in die volgende bankrekening gemaak word - besonderhede: **Rekeningnaam SVP-Bags of Love, ABSA Bank, Hermanus-tak, Rekeningnommer 925 114 2278.** Alle fondse wat geskenk word, sal gebruik word om sakke te vul wat deur Saint Vincent de Paul aan diegene in die gemeenskap wat in nood verkeer, versprei te word. *Vir meer inligting oor die Veldtog, kontak die sameroepers op hul onderskeie selnommers, d.i. Terry McCarthy (083 255 8614), Des Collins (082 824 1058) en Bruce Fraser (083 270 3230).*